

19

GOD WYS ONS SY HART

Jesus word gebore

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God ons deel maak van sy verlossingsplan.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet God laat nie toe dat mense in sy pad staan met Jesus se geboorte en lewe nie.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om graag in Jesus se koninkryk te werk.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om iets in Jesus se koninkryk te gaan doen.

MEER INLIGTING (Matteus 1: 18-25, 2: 1-12)

Die geskiedenis van Jesus se geboorte begin by Josef en Maria. Josef en Maria was nog nie getroud nie, hulle was verloof aan mekaar. Toe Josef hoor dat Maria 'n kind verwag, wou hy nie meer met haar trou nie. Hy wou die verlowing stilweg verbreek en haar nie in die openbaar verneder nie. Wanneer 'n ongetroude vrou swanger sou raak, moes sy vanweë haar sonde gestenig word. Deur middel van 'n boodskapper maak God aan Josef bekend dat hierdie swangerskap anders is. Die kindjie wat Maria verwag, is God se Seun en nie 'n mens s'n nie. Daarom kan Josef maar met Maria trou.

In hierdie verhaal sien ons dat God op 'n liefdevolle manier met ons besig is. Wanneer God se Seun gebore word, kan dit nie anders nie: Die sterreheem kondig dit aan, sterrekykers gaan in verwondering op soek na Hom. Vir die wêreldse koning, Herodes, is Hy 'n bedreiging. God is groter en magtiger as die jaloerse Herodes, en Hy red sy Seun deur die sterrekykers nie na Herodes te laat terugkeer nie.

Mense reageer verskillend op God se verlossingsdaad. Josef, die sterrekykers en Maria het die keuse gehad om deel van God se plan te wees of om ongehoorsaam te wees. Ons kan kies om deel te wees van God se verlossing, of ons kan ongehoorsaam wees.

God se boodskap aan ons met hierdie verhaal van die geboorte van sy Seun is: So lief het God die wêreld dat Hy sy enigste Seun gee, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Gaan ons saam met die sterrekykers, die sterreheemel, Josef en Maria en so baie ander luister en glo en aanbid? Of is Hy vir ons 'n bedreiging, soos vir Herodes?

Is Kersfees vir ons Christusfees of *geskenkefees*?

Ons bely dit met Gesang 358: 3.

*Voel jy ook nou sy warm liefde as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het – ons grootste Kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom – gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.*

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Verf en verfkwaste.
- Glinstergom.
- Kleurpotlode.
- Kokipenne.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 346: 1 as gebed.

*Ek kniel ook voor u voete, Heer,
U, Jesus, is my lewe!
Saam met die herders kniel ek neer.
God het my skuld vergewe!
O neem my denke, wil, gevoel;
laat streef my na die hoogste doel –
om tot u eer te lewe! Amen.*

Sing Gesang 349 as die omstandighede en plek dit toelaat.

*Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem
die wonder van God in die stad Betlehem,
want daar is die Heiland gebore, dié nag,
die hoop van die wêreld, deur eeue verwag.*

*Geringe klein dorpie in duister gehul,
'n heilswoord is deur dié geboorte vervul:
Die lig van die wêreld, die God'like Kind,
is Jesus in wie ons die saligheid vind!*

*In need'rige krip was sy bedjie berei –
die Kind wat die harte van almal verbly.
Omhoog, uit die hemel, sing engele eer,
die herders en wyses kom kniel voor Hom neer.*

*Ons bring soos die herders en engele weer
aan Hom alle hulde, ons Heiland en Heer.
Verlos van die sonde, besing ons tesaam
die roem en die eer van sy heerlike Naam.*

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle die betekenis van elke woord hieronder neergeskryf het, en verduidelik dit weer.

- Bely: *Om iets te erken.*
- Getrou: *Maak soos belowe is.*
- Regverdig: *Leef uit wat jy gesê het met jou huiswerk.*
- Vergewe: *Praat of dink nie weer oor iets wat verkeerd gedoen is nie.*
- Reinig: *Skoonmaak of wegvat.*
- Ongeregtigheid: *Wat verkeerd gedoen is.*

Laat 'n paar van hulle sê wat hulle gaan vertel het oor Jesus wat ons vergewe.

Kontroleer of hulle die volgende feite onder die knie het:

- Waarheen was Saulus op pad toe die Here in sy lewe ingegryp het? *Damaskus.*
- Wat was Saulus se nuwe naam? *Paulus.*
- Wie glo dat jy gered sal word as jy al die Joodse wette getrou navolg? *Fariseërs.*
- Wat het Paulus verkondig as die *enigste manier van redding? Om in Jesus te glo.*
- Na wie stuur God vir Paulus? *Alle nasies.*
- In wie se diens moet ons lewe? *God en medemens.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees Matteus 1: 18-24.

Die verhaal van Jesus se geboorte vertel van God wat mense gebruik om sy liefde waarheid te laat word. Daar was ook mense soos koning Herodes wat dit wou verhinder. God gebruik verskillende maniere om die boodskap van sy liefde by mense uit te kry. Hy het engele, skaapwagters en sterrekykers gebruik.

IETS INTERESSANT

Kry die gegewens by MEER INLIGTING onder die knie, en gebruik die volgende hoofpunte om die verhaal van Jesus se geboorte te vertel.

- Jesus se ouers was Josef en Maria.
- Josef was aan Maria verloof.
- Toe Josef hoor dat sy 'n baba gaan hê, wou hy nie met haar trou nie.
- God besluit anders, en Josef trou met Maria.
- Mense wat die sterre bestudeer, het 'n helder ster gesien. Hulle het geglo dat 'n baie helder ster die geboorte van 'n koning aankondig.
- Hulle volg hierdie ster tot in Juda.
- Daar vind hulle uit dat die Koning van die Jode in Betlehem gebore is.
- Hulle het met geskenke eer aan die Koning gaan bewys.
- In die Ou Testament was daar 'n voorspelling van die Messias wat in Betlehem gebore sou word (Miga 5: 1).
- Koning Herodes was bang dat iemand anders sy koningskap van hom sou afneem.
- Hy sou enigiets doen om sy koningskap te beskerm, en hy laat toe die Jode se babaseuntjies doodmaak.
- Die sterrekykers het deur 'n droom 'n boodskap van God gekry, om nie na Herodes terug te gaan nie.
- Mense reageer verskillend op God se verlossing.
- Die eerste hoorders het die keuse gehad om deel daarvan te word (Josef en die sterrekykers), of dit teen te staan (Herodes).
- Vandag is dit steeds so. Ons kan kies om deel te wees van God se verlossing en Kersfees as 'n verlossingsfees te vier, of ons kan kies om God se boodskap te verhinder en Kersfees net as 'n geskenkefees te vier.
- Ons behoort oral en altyd die ware Kersverhaal te vertel: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê* (Johannes 3: 16).
- Ons bely dit met Gesang 358: 3.

*Voel jy ook nou sy warm liefde as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het – ons grootste Kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom – gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer.*

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Jesus se ouers was Josef en Maria.
- Mense wat die sterre bestudeer, het 'n helder ster gesien. Hulle het geglo dat 'n baie helder ster die geboorte van 'n koning aankondig.
- In die Ou Testament was daar 'n voorspelling van die Messias wat in Betlehem gebore sou word (Miga 5: 1).
- Koning Herodes was bang dat iemand anders sy koningskap van hom sou afneem, en hy laat toe die Jode se babaseuntjies doodmaak.
- Die sterrekykers het deur 'n droom 'n boodskap van God gekry, om nie na Herodes terug te gaan nie.
- Ons behoort oral en altyd die ware Kersverhaal te vertel: *God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê* (Johannes 3: 16).

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders –

- die sinne hieronder nommer soos die een ding na die ander gebeur het.
 - dit gebruik as opskrifte vir elke blokkie hieronder.
 - 'n strokiesprent teken om die Kersverhaal uit te beeld.
 - hulle strokiesprent mooi inkleur.
- O Die volgorde is soos volg:
- Die engel Gabriël besoek vir Maria.
 - Maria en Josef reis na Betlehem.
 - Eindelijk kry hulle 'n plekkie in 'n stal, en die Baba word gebore.
 - 'n Engel verskyn aan die herders.
 - Die herders haas hulle na Betlehem. Hulle kry die Kindjie in 'n krip.
 - Maria en Josef noem die Kindjie Jesus.
 - Later sien die sterrekykers 'n groot ster. Hulle volg die ster na Betlehem en gee geskenke vir die nuwe Koning.
 - Herodes is baie kwaad toe hy van die Kind hoor.
- Kontroleer of die kinders die strokiesprent se opskrifte in die korrekte volgorde geskryf het.

BY DIE HUIS

Laat hulle die volgende tuis doen en leer.

DOEN

Laat die kinders een versie van enige Kersgesang wat vir hulle mooi is en nie in hierdie les gebruik is nie, neerskryf. Hulle moet dit volgende week vir die klas lees.

.....


.....

.....

.....

.....

LEER



Leer die volgende vers uit jou kop uit.

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Johannes 3: 16).

AFSLUITING

Belangrik: Gee opdrag aan twee of drie van die kinders in die klas om volgende Sondag te open met Skriflesing (Romeine 12: 4-8).

Reël met die predikant om volgende Sondag die klas by te woon en die verskillende gawes uit Les 20 aan die kinders te verduidelik.

Lees Gesang 344: 1 en 3, en sluit af met gebed.

*O die goeie tyding, o die blye tyding –
helder klink dit met Kersfeestyd:
Diep was ons verlore, Christus is gebore.
Juig dan, almal, jubel oor die saligheid!*

*O die goeie tyding, o die blye tyding –
oral hoor ons: Dis Kersfeestyd.
Blye jubelkore
loof die Kind, gebore.
Juig nou mensdom,
prys Hom tot in ewigheid!*